PSALM 10 : Die vromes roep om hulp teen die hoogmoedige vyande

Refrein = TT Cloete 2001.
Melodie: *Ek sal van ganser harte, Heer* – Johannes de Heer 1937; ritmies aangepas

Refrein



Almal: Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug in tye van nood?
Mans: Die goddeloses is vol van hulleself, hulle vervolg 'n hulpelose man.
Laat hulle gevang word deur die sluwe planne wat hulleself uitgedink het.
Vroue: Die goddelose verlustig hom nou al op wat hy hoop om in die hande te kry.
Die een wat hom wil verryk ten koste van 'n ander, wens homself by voorbaat geluk.
Mans: Hy verag die Here. Neus in die lug sê hy: "God vra tog geen rekenskap nie!"
In al sy planne is daar geen plek vir God nie.
Vroue: Dit gaan mos altyd goed met wat hy aanpak.
U oordele is vir hom te ver weg, buite sy gesigsveld.
Mans: Hy snork met veragting oor al sy vyande.
Hy dink: ek sal nie wankel nie en die ongeluk sal my nooit tref nie.
Vroue: Hy lê 'n vloek op almal, hy onderdruk en bedrieg, hy bedink onheil en onreg.
Hy lê onskuldiges voor agter die heinings en vermoor hulle in die geheim.
Mans: Hy loer rond in die donker.
Hy lê op die loer in 'n wegkruipplek soos 'n leeu agter 'n bos,
Vroue: hy lê op die loer om die die hulpelose te vang.
Hy vang hom en trek hom vas in sy net, hy slaan hom dat hy inmekaar sak.
Mans: So kry hy die arme mens in die hande. Hy sê vir homself:
"God steur Hom nie daaraan nie, Hy kyk weg, Hy sal dit nooit raaksien nie."
Refrein: ... en niemand hoef meer íéts te vrees nie.
Almal: Kom tog, Here, toon u mag, o God! Moet die hulpeloses tog nie vergeet nie.
Vroue: Hoe durf die goddeloses God verag en reken Hy sal hulle nie uitvind nie?
En die hele tyd het U dit gesien, die lyding en verdriet.
Mans: U let daarop en maak daar 'n einde aan.
Op U verlaat die ongelukkige hom, ook vir die weeskind is U 'n helper.
Vroue: Verbreek tog die magsbgreep van die goddelose en die misdadiger, straf sy misdade!
Mans: Moenie een enkele van sy misdade verskoon nie.
Refrein: ... en niemand hoef meer íéts te vrees nie.
Almal: Die Here bly altyd koning, die vyande is uit sy land verdryf.
Vroue: U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here.
Almal: U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed.
Mans: U behartig die regsaak van die weeskind en van die mens in nood,
sodat niemand op aarde lander in vrees hoef te lewe nie.
Refrein: ... en niemand hoef meer íéts te vrees nie.